# Nuwe Testament-geskrifte as kanon: Die vraag na 'n uitgebreide databasis vir historiese-Jesus ondersoek

**P A Geyser**
**Departement Bybelkunde**
**Fakulteit Teologie (Afd A)**[1]

**Abstract**

**New Testament writings as canon: The quest for an extended database for historical Jesus research.**

*The aim of this article is to re-establish the disparate traditions concerning the origins and growth of documents that developed into the New Testament canon. The article reflects the insights of Lee McDonald's book* The formation of the Christian Biblical canon. *Some of the accepted notions concerning the canon come under scrutiny, for instance that the New Testament canon was completed before the end of the second century. The article concludes with the question whether the New Testament canon should be revised in the light of recent historical Jesus studies. History and tradition plead against an incisive revision. The only option seems to be a scholar's edition of a revised list for ecclesiastical use.*

## 1. INLEIDING

Historiese Jesus-studies sedert die tagtigerjare het veroorsaak dat daar weer 'n groeiende belangstelling oor kanonvrae in die akademiese debat na vore gekom het. Mense soos Kurt Aland (1962) en Ernst Käsemann (1968) het ingegaan op die saak

[1] Hierdie artikel is 'n verwerking van die resultate van 'n deel van hoofstuk 3 van die DD-proefskrif, "Die hermeneutiese uitgangspunte in die 'nuwe historiese' benadering tot Jesus-studies", ingedien en aanvaar as deel van die vereistes van die DD-graad (1999), Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap, Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria, onder leiding van prof dr A G van Aarde (promotor).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van Christelike eenheid en oor die moontlikheid dat 'n enger definisie van die sogenaamde *kanon binne die kanon* dalk die diversiteit in die Christelike gemeenskap kon verlig. 'n Groot deel van hierdie nuwer fase van die ondersoek het gefokus op en uitdagings gerig aan verskeie van die bekende en aanvaarde beskouings. Vrae wat na vore gebring is, is onder andere oor vorige aanvaarde sienings:

- dat die Ou Testament-kanon grotendeels voor die tyd van Jesus voltooi is;
- dat Jesus op die een of ander manier bekend was met 'n Ou Testament-kanon wat ooreenkom met die Protestantse kanon wat vandag in gebruik is;
- dat die grootste deel van die Nuwe Testmament-kanon teen die einde van die tweede eeu afgehandel was;
- dat een van die belangrikste getuies vir hierdie siening die Muratoriese fragment is wat laat tweede eeu n C gedateer word.

Op elkeen van hierdie punte is daar ook ingrypende kritiek ingebring wat uit die historiese oorsig duidelik sal blyk. Wat die historiese gang van die bestaande Nuwe Testament-kanon betref, maak ek veral in hierdie artikel gebruik van Lee McDonald (1995) se werk, *The formation of the Christian biblical canon.* Dit het duidelik geword dat daar 'n baie breër basis van boeke en geskrifte as bronne benut word in die akademiese praktyk van historiese navorsing as net die sewe-en-twintig dokumente van die Nuwe Testament-kanon. Al die bronne wat beskikbaar is, moet benut word, omdat dit gaan oor die bestudering van 'n beweging binne 'n bepaalde tydvak. Daar word gesoek na alle moontlike gegewens oor die oorspronge van die beweging wat as die Christendom bekend geraak het. Veral word daar gesoek en gesif aan gegewens wat enigsins lig kan werp op die groot historiese enigma: Jesus van Nasaret. Daar word dus teruggevra na oorsprong en ontwikkeling. Geen bron wat hiervoor benut kan word, kan byvoorbaat geëlimineer word nie. Daar word gesoek na en gebruik gemaak van die breedste moontlike en verantwoordbare databasis. Uiteindelik sluit dit alle bronne uit die Christelike milieu en buite-Christelike bronne in. En al word daar telkens tot die konklusie gekom dat daar nie soveel is wat nuut of anders is as wat die kanonieke evangelies bied nie, sal dit nie beteken dat hierdie soektog eindig of afgeskaal kan word nie. Die belangrikheid van intrakanonieke evangelies vir die ondersoek na die historiese Jesus sal nie ingesien kan word nie sonder eerstens die vraag na watter geskrifte as interteks geïdentifiseer kan

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

word, en tweedens die daarstelling van 'n stratifisering van die verskillende lae in die intra-kanonieke evangelies, sodat 'n verantwoordbare historiese soektog onderneem kan word.

Die vraag wat verder gestel kan word, is of hierdie historiese werkwyse enige implikasies het vir kanonbeskouings. Impliseer die resultate van die historiese Jesus-navorsing dat die kanon hersien moet word en waarskynlik uitgebrei moet word? Of kan dit selfs behels dat sekere boeke wat reeds in die kanon ingesluit is, heroorweeg moet word? Voor ek hierdie vraag aan die orde stel, sal dit goed wees om net weer 'n keer baie kortliks te kyk na die proses van kanonvorming, die konsepte wat in hierdie proses na vore gekom het en veral na baie veranderlikes wat hierin 'n rol gespeel het.

## 2. DIE KONSEP "SKRIF"

Voordat 'n mens enigiets oor 'n bepaalde *versameling* van boeke, soos die kanon, kan sê, moet jy dalk eers 'n keer die verskynsel dat geskrifte en boeke ontstaan en ontwikkel tot religieuse groothede, onder die loep neem. Skrif of "Skriftuur" (*Scripture* – kyk McDonald 1995:6-13) is dokumente of versamelings "gewyde" geskrifte wat gebruik word om die oorspronge, bestaan en betekenis van 'n godsdienstige gemeenskap te definieer. Dit funksioneer dikwels as die fundering van so 'n godsdienstige beweging se lewe en sending in die wêreld. Vir die Jodedom en Christendom is die finale gesag vir geloof en lewe God, maar in die later fases van Ou-Testamentiese Judaïsme het die geloof gegroei dat die openbaring en die wil van God nie net bekend gemaak is in God se groot dade nie, maar dat dit ook vasgevang is in geskrewe dokumente van waaruit die konsep "Skriftuur" gegroei het. Wat duidelik is, is dat die Jode saamgeroep is deur 'n "verhaal" wat mondeling in hulle gemeenskap oorgedra is voordat daar enige Skriftuur was waarop hulle hulle kon beroep. Hierdie "verhaal" het vertel van God se ingrype in die volk se bestaan in die tyd van Moses en later tydens die koningskap van Dawid. Hierdie verhaal het geleidelik so uitgebrei dat dit al die geskrifte wat tans in die Ou Testament opgeneem is, ingesluit het en soms ook die deutero-kanonieke literatuur en selfs pseudepigrafiese geskrifte (soos 1 Henog, die Testament van die Twaalf Patriarge en die Sibilleense Boeke). Wat ook duidelik geword het, is dat dinge wat neergeskryf is, baie vroeg ook as belangrik erken is (voorbeelde hiervan kry ons in Eks 24:12; 31:8; 32:15, 32; 34:1; Deut 4:13; 8:10). Navorsers verskil oor wanneer hierdie geskrifte geskryf is, maar die meeste stem daar-


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

oor saam dat die verhaal daaragter teruggevoer kan word na 'n fase vroeg in die geskiedenis van Israel. Die geskrifte (Skriftuur) was nie dadelik as sodanig erken nie, maar later het die mense dit begin beskou as geïnspireer deur God en daarom gesaghebbend in die lewe van die mense wat geglo het dat God deur die geskrewe woorde met hulle gepraat het (vgl Hoover 1992:1-7; Funk 1996:103-107).

In die praktyk het hierdie geskrifte aanpasbaar geraak aan nuwe en voortdurend veranderende omstandighede van die gemeenskap se lewe en dit het hoop gebied te midde van krisisse soos hulle voorgekom het. Die belangrikste kenmerke van die dokumente wat as Skriftuur erken is, sluit die volgende in:

- hulle was geskrewe;
- daar is geglo dat hulle 'n Goddelike oorsprong gehad het;
- die gemeenskap het geglo dat hulle die wil en die waarheid van God aan die mense kommunikeer;
- hulle het gefunksioneer as 'n blywende bron en het riglyne gebied vir die gemeenskaps- en individuele lewe van die geloofsgemeenskap(pe).

'n Geskrif het die status van *Skriftuur* gekry wanneer dit beskou is as normatief vir die lewe en die aanbidding van die mense. Die oomblik toe Christene sekere Nuwe-Testamentiese geskrifte naas die Ou-Testamentiese geskrifte begin gebruik het vir hulle lewe, aanbidding en onderrig, het die erkenning van daardie dokumente as Skriftuur dus in werklikheid begin. Hierdie erkenning het duidelik vanaf die vroeë tot middel tweede eeu begin plaasvind wat sommige van die Christelike geskrifte betref, in die besonder Matteus en van die briewe van Paulus, alhoewel hierdie geskrifte nog nie met die term "Skrif" aangedui is nie.

## 3. DIE KONSEP "KANON"

Die begrip "kanon" het oorspronklik verwys na 'n reël of 'n meetstok, maar dit is later gebruik vir standaard of riglyn (kyk McDonald 1995:13-15; Metzger 1987:289-293). Daar was sulke kanons of standaarde vir die bou van huise, die skryf van musiek of vir prosa en gedigte. In die geval van die vroeë kerk was daar so 'n "kanon van geloof" vir baie Christene wat die wesenlike van die Christelike prediking en onderrig ingesluit het, ook bekend as *regula fidei*. Hierdie "kanon van die geloof" is deur

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

middel van die apostoliese suksessie oorgedra aan die kerke. Vanaf die middel vierde eeu na Christus word die term "kanon" ook gebruik deur sommige kerkvaders om te verwys na hulle versameling van heilige geskrifte. Ons kry by Eusebius ook die interessante benaming van "ingetrek in die verbond" (*endiathekos*) (kyk McDonald 1995:16).

In verband met die Bybel word die begrip "kanon" gebruik vir die aantal vasgestelde boeke wat as Heilige Skrif gebruik word. Toe die versameling begin het, was dit baie vloeibaar en het voortdurend uitgebrei. Voordat 'n kanon van geskrifte erken was, was die gedagte reeds aanvaar dat die woord en die wil van God in geskrewe woorde oorgedra kon word. Soos wat dit waar was vir die geskrifte van die Ou Testament, het dit ook waar geword vir die Nuwe-Testamentiese dokumente. 'n Christelike skriftelike kanon het begin ontwikkel in die tweede eeu, maar dit was nog baie beperk, nie net in die getal mense wat dit as sodanig beskryf het nie, maar ook in die omvang van hierdie versameling boeke. In die tweede eeu was dit slegs Irenaeus wat gepleit het vir 'n vasgestelde getal van vier evangelies (kyk Du Toit [1978] 1984:236-242; Hoover 1992:4). Serapion, biskop van Antiogië (c 200), het later die gebruik van die Evangelie van Petrus verwerp, nie op grond van die vasgestelde "kanon" van evangelies nie, maar op grond van die "bedenklike" teologiese inhoud van die dokument (kyk McDonald 1995:169). Met ander woorde, hy het dit verwerp op die basis van die *regula fidei* wat in die kerke van sy streek gefunksioneer het (Eusebius, *HE* 6.12.1-6 – vgl Stevenson 1960:339).

## 4. DIE "WIL VAN GOD" IN GESKREWE DOKUMENTE

Interessant genoeg vind 'n mens eers in 'n baie laat stadium van die Ou-Testamentiese periode (c 600-500 v C) enkele verwysings na heilige geskrifte. So byvoorbeeld haal Daniël 9:2 vir Jeremia 25:11 en 29:10 as heilige Skriftuur aan. Selfs die Ou-Testamentiese profete (Amos, Hosea, Jesaja en ander) wat baie dikwels die volk bestraf het oor hulle mislukkings, het dit gedoen, nie op die basis van 'n geskrewe woord nie, maar op grond van die volk se verbond met God. 'n Mens moet dus die vraag stel op watter punt is die godsdiens in Israel gegrond op 'n geskrewe dokument soos die Wet van Moses of ander Skrifture. Dit lyk asof dit eers werklik begin het teen die einde van die monargale periode in Juda, en dus van die Ou Testament-era. Dit het

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

hoofsaaklik gevolg op die hervormings van Josia in 621 v C (2 Kon 22) toe daar 'n afskrif van "die Wet" gevind is (waarskynlik die boek Deuteronomium), maar dit kom veral na vore ná die Babiloniese ballingskap, veral tydens die hervormings onder Esra en Nehemia. Tydens al hierdie hervormingsgebeure is "die Wet van Moses" herontdek, vertaal en aan die mense geleer (Neh 8:1-8; 9:1-3). Hierdie proses van gebruik van geskrifte is 'n aanduiding van, maar was nie noodwendig gelyk aan, wat later bekend geraak het as die "Tora" of "Pentateug" nie. Die Tora het wel die "gewyde" gids geword vir geloof en lewe vir veral die Israelitiese samelewing wat bekend gestaan het as die Judeërs (gesetel in Jerusalem).

In die algemeen gesien was die geskrifte van die vroegste Christelike gemeenskappe die dokumente wat ons ken as Ou-Testamentiese geskrifte. Soms is dit ook genoem "Joodse geskrifte" (*Hebrew Scriptures*). Wat wel duidelik is, is dat hierdie geskrifte self nog gedurende die periode vanaf die tweede tot die sesde eeu n C in die proses van finale afronding was. Alhoewel dit waarskynlik is dat die grootste deel wat ons nou die boeke van die Ou Testament noem, wat in die Protestantse tradisie benut word, in die tweede eeu v C reeds vorm aangeneem het, is daar tog die aanduidings dat die finale afronding vir sowel die rabbynse Judaïsme as vir die kerk eers plaasgevind het vanaf die einde van die tweede tot die sesde eeu n C.

Dit is gedurende hierdie periode dat die derde deel wat bekend staan as die "Geskrifte" (*Ketubim*) in die Judaïsme finaal vasgestel is (kyk McDonald 1995:35, 96). Die kerk het dit mettergaan opgeneem, maar het ook nog sommige van die apokriewe en pseudepigrafiese geskrifte gebruik, hoewel laasgenoemde later heeltemal uitgeskakel is. Die kerk wat sedert die vierde eeu as die "katolieke kerk" bekend gestaan het, het wel in die periode voorafgaande die pseudepigrafiese geskrifte verwerp, terwyl hulle die meeste van die apokriewe geskrifte behou het. Die Christene het tot in die sesde eeu baie verskil oor wat die finale inhoud van hulle Ou Testament behoort te wees. Sedert die Reformasie het hierdie debat tussen die Protestante en die Rooms-Katolieke Kerk voortgegaan. Ons kry selfs in die Nuwe Testament 'n duidelike aanhaling in Judas 14 van 'n apokriewe en pseudepigrafiese geskrif, naamlik Henog (1 Hen 1:9). Die enigste verwysing na 'n drie-delige "Ou Testament" kry ons in Lukas 24:44 waar 'n spreuk in die mond van Jesus geplaas is wat verwys na Moses, die profete en die psalms. Vir die grootste deel, egter, word daar net verwys na die wet en die profete. In die algemeen kry 'n mens dus die prentjie dat die kerk


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

selfs na die skeiding van die sinagoge voortgegaan het met dieselfde godsdienstige geskrifte wat voor 70 n C as die gewyde geskrifte van die Jode in Palestina gedien het.

## 5. DIE AFSLUITING VAN DIE JOODSE GESKRIFTE

Dit is nogal belangrik om daarop te let dat Jode en Christene ongeveer in dieselfde periode besluit het om die Joodse kanon af te sluit. Die kriteria wat daarvoor benut is, het egter verskil en was in ieder geval deur die rabbi's baie duideliker uitgespel as wat dit deur die Christene gedoen is (kyk McDonald 1995:124-133). Die formele kriteria wat deur die Jode benut is om geskrifte in te sluit, was eintlik relatief eenvoudig:

- dit moes in Hebreeus geskryf wees;
- dit moes gedateer kon word vóór die tyd van Esra en Nehemia.

Die Christene het skynbaar die boeke vir die Ou Testament aanvaar op grond van die gebruik daarvan en die tradisie. Voordat die Jode die parameters van hulle kanon van geskrifte onder die invloed van die Amoraim-rabbi's gedefinieer het, het dit lank nie meer enige invloed uitgeoefen op die Christelike gemeenskap wat later in hulle beslissings hulle kanon uitgespel het nie. Tot in die sesde eeu kry ons verskillende variasies van Ou-Testamentiese geskrifte onder die Christene en selfs in kanonieke lyste van die Ou Testament. Atanasius wie se lys in 367 n C (kyk Hoover 1992: 5) 'n beslissende invloed uitgeoefen het op die vasstelling van die kanon, het nog Barug en die Brief van Jeremia behou, maar hy het Ester uitgelaat. So kan daar ook gekyk word na onder andere die lyste van Origines, Cyrillus van Jerusalem, Hilarius en Epifanius (kyk McDonald 1995:268-269, Appendiks I.B). Wat wel duidelik is, is dat die meerderheid Christene 'n groter kanon in die Ooste en die Weste gehad het as die rabbynse Jodedom en toe nog later die Rooms-Katolieke Kerk. Dit was eintlik eers in die tyd van die Reformasie dat die Protestante hulle kanon beperk het tot die Joodse kanon van geskrifte.

## 6. OORSPRONGE VAN DIE NUWE TESTAMENT-KANON

Wanneer 'n mens gaan kyk na 'n historiese oorsig van die oorspronge van die Nuwe Testament-kanon, vind jy dat baie van die vloeibaarheid wat vir die Ou Testament


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gegeld het, hier net so van toepassing is. Die eerste gesagvolle bron vir die vroeë kerk was sonder enige twyfel Jesus self (kyk Du Toit 1984:103-112). Woorde wat teruggevoer kon word na die *principium canonicitatis*, Jesus, was geag as gesagvol. Die kerk het ook van die Joodse geskrifte aanvaar soos wat dit aan hulle oorgelewer was, maar dit was nooit primêr daarop gerig om profetiese uitsprake oor *Jesus as die Christus* te wees nie. Die Christelike geskrifte wat uiteindelik aanvaar is as Skriftuur en toe later as "kanon" is werklik eers mettergaan as sodanig erken en ook nie deur almal op dieselfde tyd nie (kyk McDonald 1995:138, 154).

Teen die einde van die eerste eeu vind 'n mens dat sommige boeke van die huidige Nuwe Testament as gesaghebbende bronne gebruik is om verskille in opvatting op te klaar en om die lewe en die bedieningsbehoeftes van die geloofsgemeenskappe te voorsien van inligting. Daar is inderdaad baie min aanduiding dat van hierdie geskrifte voor die middel van die tweede eeu as Skriftuur gebruik is. Tot in daardie stadium het die mondelinge tradisie wat in sekere geloofsgemeenskappe gesirkuleer het oor die lewe, dood en opstanding van Jesus die basis van gesag gebly vir die lewe en die bediening in die Christelike gemeenskap. Wel bekend is dat Papias, biskop van Hiërapolis, teen 140 n C Matteus en Markus as evangelies geken het, maar hy het volgens Eusebius (*HE* 3.39.4 – kyk McDonald 1995:139; Metzger 1987:51-56) nog altyd die mondelinge tradisie verkies wat oorgelewer was deur hulle wat eerstehandse ervaring van die apostels gehad het. Die Ou-Testamentiese geskrifte en ander nie-kanonieke dokumente het ook 'n gesaghebbende rol in die vroeë kerk gespeel. Soos Jesus dikwels voorgestel word as iemand wat die "Ou Testament" in 'n gesaghebbende verband gebruik het, so was dit ook die kerk se eerste Skriftuur. Die dokumente van die Nuwe-Testamentiese dokumente het eers mettergaan erkenning begin kry toe dit as *geskrewe* dokumente gesirkuleer is.

Vanaf vroeg in die tweede eeu vind 'n mens dat sommige van die Nuwe Testament-dokumente by name verwysing kry as "geskrifte" (*hai graphai*). Daar is ook sterk aanduiding dat dit op 'n gesaghebbende manier benut word naas van die Ou-Testamentiese geskrifte om geloofsuitsprake en bedieningspraktyke in die katolieke kerk te bevestig (1 Klem 13.1-4; 2 Klem 2.4, 14.2; die Brief van Barnabas 4.14; Polikarpus se brief aan die Filippense 2.2-3; 7.1-2; 12.1; Ptolemeus se brief aan Flora 3.6; Justinus se Dialoog 100.1vv; 101.3). Didache, 1 en 2 Klemens, die briewe van Ignatius, die Herder van Hermas en die Brief van Barnabas haal dikwels aan of verwys na Nuwe-Testamentiese geskrifte, in die besonder na die evangelies en Paulus.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

'n Mens vind dit in die vorm van aanhalings sonder dat hierdie boeke op die naam genoem word.

Teen die middel van die tweede eeu vind 'n mens dat die evangelies (naas die Ou-Testamentiese geskrifte) dikwels gebruik is in die erediens en die bediening van baie kerke (Justinus, 1 *Apologia* 67). Die formele erkenning van die literatuur van die Nuwe Testament as Skriftuur word vir die eerste keer so betuig deur Irenaeus van Lyons (c 180) (kyk Du Toit 1984:236; Metzger 1987:153-156). Na Irenaeus kom daar meer algemene aanvaarding van Nuwe-Testamentiese geskrifte as Skriftuur, in die besonder by Klemens van Aleksandrië, Tertullianus en Origines. Dit is belangrik om daarop te let dat vóór Irenaeus die Nuwe-Testamtentiese geskrifte nie in die algemeen as Skriftuur bekend gestaan het nie (c 180). Daar is wel op so 'n wyse gebruik gemaak van aangehaalde "woorde van Jesus" (en ook in die verwysings na sy dienswerk, lyding en opstanding) dat 'n mens aanduidings kry dat hierdie aanhalings van baie vroeg af soos Skriftuur gefunksioneer het (kyk bv 1 Kor 7:10, 17; 11:23; 1 Tess 4:15; Matt 28:18; 1 Klem 13:1-4; Ignatius, die *Brief aan die Filadelfiërs* 8:2; Polikarpus, die *Brief aan die Filippense* 2.2,3 ).

Marcion het die waarde van 'n versameling Christelike geskrifte vir aanbidding en onderrig ingesien. Hy het waarskynlik ook die eerste afgeslote versameling van Nuwe-Testamentiese geskrifte gemaak, alhoewel dit redelik duidelik is dat hy nie die eerste persoon was wat 'n versameling briewe van Paulus bymekaar gebring en laat sirkuleer het nie (kyk Hoover 1992:2-3). Sy primêre oogmerk was om die Christendom van die Judaïsme te onderskei. Dit is wel bekend dat sy uitgangspunt was dat die God van die Ou Testament nie die God van Jesus en die apostels was nie. 'n Mens moet dus hieruit aflei dat Marcion se bedoeling nie was om 'n geslote kanon van geskrifte daar te stel nie. Nogtans het die versameling wat hy tendensieus bymekaar gesit het, tog die uitwerking gehad om die Christelike kerke te laat oorweeg watter geskrifte die beste gepas het by die kerk se geloof en sending.

Histories gesien het die kerk dus eers sekere geskrifte as Skriftuur erken en toe van daar af stadig beweeg in die rigting van 'n bepaalde of afgeslote Nuwe Testament-kanon. In hierdie beweging het verskillende historiese faktore 'n rol gespeel. Naas die invloed van Marcion, moet ook nog genoem word die beweging wat bekend geraak het as die Montanisme (kyk Du Toit 1984:201; Metzger 1987:99-106). In die laaste helfte van die tweede eeu het 'n sekere Montanus as garismatiese prediker in Frigië na vore getree. Die beweging het ook twee profetesse gehad, naamlik Priska en


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Maksimilla. Hulle het nie slegs 'n rigiede asketisme gepreek in afwagting van die komende koninkryk van God nie, maar het ook aanspraak gemaak op 'n "nuwe profesie" en het baie "geïnspireerde boeke" geproduseer wat ook in hulle kringe gelees is (kyk McDonald 1995:172-176). Getuienis hieroor is skraps. Tertullianus lewer iets van 'n verdediging van die nuwe profesie (*Pass. Perp.* 1.1vv – kyk Von Campenhausen 1972:229). Eusebius vermeld iets oor 'n verwerping daarvan deur 'n sekere Apollinarius (*HE* 5.16.3-4). Dit lyk asof die kerk hierop gereageer het deur die literatuur wat hulle vir die katolieke kerk nodig geag het, af te grens. Daar is dus tekens van die invloed wat hierdie beweging op die vasstelling van 'n kanon gehad het. Tog blyk dit ook hier weer 'n keer dat die kerk nie gereageer het primêr met 'n kanon van geskrifte nie, maar weer met die kanon van geloof (*regula fidei*) (kyk Stevenson 1960:339).

Oor die tweede eeu kan samevattend gesê word dat die kerk nie op die Marcioniete en Montaniste met 'n kanon van geskrifte geantwoord het nie, maar met die sogenaamde "kanon van geloof" (*regula fidei*) wat hulle geglo het betroubaar in die kerk oorgelewer is (kyk McDonald 1995:176). Van die belangrike figure in die tweede en derde eeue bied ook vir 'n mens 'n interessante prentjie oor watter boeke toe reeds aanvaar was. Justinus die Martelaar (c 160) het klaarblyklik die sinoptiese evangelies aanvaar (kyk Du Toit 1984:214), maar sy bewustheid en gebruik van die Evangelie van Johannes lyk baie twyfelagtig. Irenaeus het al vier die bekende evangelies aanvaar en het ook aangedring dat slegs daardie vier as gesaghebbend in die kerk aanvaar moes word. Tertullianus (dié persoon wat vir die eerste keer die term "nuwe testament" gebruik het – kyk Du Toit 1984:286-287) het ook al vier evangelies aanvaar, maar het onderskeide tussen hulle getref. Volgens hom was Matteus en Johannes (in kontinuïteit met die Papias-tradisie – Davies 1994:128, 185) deur apostels geskryf en daarom meer gesaghebbend. Hy het Markus en Lukas as sekondêr aanvaar en verteenwoordigend van die leringe van Petrus en Paulus respektiewelik (vgl die Papias-tradisie, in Davies 1994:100, 125). Origines het baie geskrifte as Skriftuur aanvaar, maar dit is nie duidelik of hy ooit 'n lys opgestel het van watter boeke aanvaarbaar is nie (kyk McDonald 1995:18 nota 41). Die mening bestaan dat die lys wat aan hom toegeskryf word, die skepping was van Eusebius van Caesarea. Dit word die eerste keer aangetref in Eusebius se geskrifte (*HE* 6.25.3-14) en dan later by Rufinus (c 345-410) wat afhanklik was van Eusebius (kyk Hoover 1992:3; Stevenson 1969:339).

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 7. VERVOLGING EN VERBRANDING VAN DIE KERK SE BOEKE

Vroeg in die vierde eeu het keiser Diocletianus die laaste omvangryke vervolging teen Christene in die Ryk van stapel gestuur (Smallwood 1981:533). In een van sy edikte het hy geëis dat die kerke vernietig moes word en dat alle "heilige geskrifte" gekonfiskeer en verbrand moes word. Baie Christene is vervolg en doodgemaak juis omdat hulle geweier het om hulle "heilige boeke" te oorhandig. Dit maak die afleiding moontlik dat verskillende geloofsgemeenskappe toe reeds die boeke geïdentifiseer het wat hulle aan die owerhede sou oorhandig en watter boeke ten alle koste bewaar moes word. Hierdie historiese gebeure het klaarblyklik 'n invloed uitgeoefen op die proses van seleksie, selfs al was dit net om die proses te verhaas in die katolieke kerk wat voor daardie beslissing te staan gekom het. Soos blyk uit die lyste van boeke wat beskikbaar is, word dit wel duidelik dat dit nog lank nie vir almal dieselfde lyste van boeke was nie (kyk Hoover 1992:2-3; McDonald 1995:274-275).

## 8. KONSTANTYN DIE GROTE

Die bekering van Konstantyn was 'n ander baie belangrike faktor wat gelei het tot die afsluiting van die Nuwe Testament-kanon. Van die gevolge van sy bekering en die verklaring van die Christelike godsdiens tot die amptelike godsdiens van die Romeinse Ryk was die volgende:

- vanselfsprekend is alle vervolging gestaak;
- alle Christelike eiendom wat gekonfiskeer en vernietig is, is teruggegee en herstel;
- die belangrikste van alles, was sy aandrang op eenheid en eenvormigheid in al die kerke.

Die regering van Konstantyn (306-337 n C) is gekenmerk deur die soeke na sosiale en godsdienstige konformiteit (Eusebius, *VC* 2.65, 68 – vgl Hoover 1992:4-5). Gedurende sy regeertydperk en in die jare wat daarop gevolg het, was daar 'n beweging in die kerk in die rigting van eenheid in die teologie en 'n algemeen erkende kanon. In hierdie proses het Konstantyn Eusebius versoek om vyftig afskrifte te maak van die dokumente waaruit die Christelike "kanon" bestaan het, vir gebruik in sy nuwe hoofstad, Konstantinopel. Eusebius het dit gedoen op grond van wat hy beskou



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

het as die algemeen aanvaarde dokumente (*HE* 3.25.1, 5; vgl ook 3.24.17). Eusebius gee ook daarvan blyke dat Konstantyn die versamelings ondersoek het voordat dit na die kerke gestuur is (Eusebius, *VC* 4.34-37). Dit beteken dat Eusebius se keuse van manuskripte vir die vyftig kopieë deur keiser Konstantyn aanvaar is. Hierdie feit het sekerlik 'n groot invloed uitgeoefen op die beslissings wat in ander kerklike tradisies geneem is oor hierdie aangeleentheid, eers in die Ooste, maar toe ook later in die Weste.

Volgens Lee McDonald (1995:189-190) kan samevattend gesê word dat die volgende sake van ingrypende betekenis was met die oog op die vestiging van 'n Nuwe Testament-kanon.

- die nuttigheid van sekere geskrifte vir aanbidding en onderrig;
- die benutting van bepaalde geskrifte om die Christelike leer en uiteindelik belydenis te vestig;
- die benutting van hierdie geskrifte in die stryd teen "dwaling" in die tweede eeu en later;
- die verbranding van kerke se "heilige geskrifte" in die vierde eeu;
- Konstantyn se opdrag aan Eusebius om vyftig kopieë te maak van 'n aanvaarbare versameling;
- Konstantyn se strewe na die eenheid van die katolieke kerk;
- Die ontwikkeling van *codices* om 'n groter getal boeke bymekaar te kan versamel.

## 9. KRITERIA VIR DIE AANVAARDING VAN BOEKE

Wanneer hierdie historiese oorsig nagegaan is, blyk dit dat verskillende kriteria deur die vroeë kerkleiers gebruik is om die geskrifte wat begin uitstaan het, te identifiseer. Almal het nie noodwendig dieselfde kriteria aangelê nie, maar in die algemeen het vier sulke kriteria na vore gekom:

- ***Apostolisiteit***

Indien 'n geskrif deur 'n "apostel" geskryf is, of waar daar geglo is dat dit die produk van 'n "apostel" was, is dit aanvaar as 'n gesaghebbende woord en is uiteindelik in die kanon ingesluit. Hierdie tradisie word teruggevind tot by wat bekend staan as die Papias-tradisie (kyk Davies 1994:100, 128, 156, 185).

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

- ***Ortodoksie***

Dit het reeds duidelik geword dat die kerk gebruik gemaak het van die sogenaamde *regula fidei*. Dit is beskou as 'n maatstaf vir "regsinnigheid". Dit was primêr gebruik vir die beslissing van leerstellige kwessies. Hierdie *regula fidei* is ook aangewend om te bepaal of 'n geskrif in die versameling in- of uitgesluit moes word. Eusebius (*HE* 6.12.1-6) verwys byvoorbeeld na biskop Serapion se verwerping van die Evangelie van Petrus op grond van hierdie maatstaf van "waarheid". Dit het beteken dat, as 'n geskrif te vreemd was aan wat beskou is as die sentrale lering van die kerk wat deur die tradisie en opvolging van biskoppe oorgelewer is, dit verwerp is.

- ***Oudheid***

As die mening bestaan het dat 'n geskrif na die tyd van die apostels geskryf is, was dit ook verwerp. Op grond hiervan het die *Herder van Hermas* uitgeval (*MF* reëls 73-74 – kyk McDonald 1995:209-213; Metzger 1987:305-307).

- ***Gebruik***

Waarskynlik was een van die grootste bepalende faktore in hierdie proses die kwessie of 'n geskrif wye benutting in die kerk geniet het. Ek het reeds daarop gewys dat Eusebius (*HE* 3.25.4-7) dit aangedui het as die kriterium vir die lys wat hy opgestel het. Wat vir die kerke duidelik gewig gedra het, was die vraag wie was gunstig gestem om 'n dokument te aanvaar en wie nie. So word dit duidelik dat Atanasius en Epifanius in hierdie opsig baie groot invloed uitgeoefen het. So ook het kerke van die groter sentra soos Antiogië, Aleksandrië, Rome en Efese klaarblyklik groter invloed uitgeoefen as die kerke in kleiner plekke. Die gebruik van die geskrifte is bepaal deur hulle funksionering in die aanbidding van die gemeentes en óf hulle gebruik kon word vir kategetiese onderrig.

'n Mens sal beswaarlik die vraag kan ontduik in verband met die geloofwaardigheid van hierdie genoemde kriteria. Indien dit blyk dat hulle toepaslik en gegrond is, moet ons hulle vandag weer toepas met behulp van moderne kritiese en historiese dissiplines? En indien ons hulle wel sou toepas, sal al die huidige boeke van die Nuwe Testament nog ingesluit word in ons Nuwe Testament-kanon? In die resente tyd het Oscar Cullmann (1956:77) die standpunt begin uitspreek dat dit die kriterium


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van "oudheid" is wat belangriker geag moet word as die kriterium van "apostolisiteit". Hierbo het ek daarop gewys dat die outentisiteit van Jesus-*logia* en -optredes die grondliggende vraag by die kriterium van "oudheid" is. Die probleem is egter dat tydens die vorming van die Nuwe Testament-kanon hierdie kriterium nie gefunksioneer het met die genuanseerde historiese bewussyn wat eers 'n produk van die *Aufklärung* is nie. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat boeke in- en uitgesluit is op grond van 'n kriterium wat nie in die lig van vandag se insigte as geloofwaardig gehandhaaf kan word nie. Alleen op grond van hierdie probleem is die ondersoek na die historiese Jesus vir die kerk, ter wille van die geloofwaardigheid van die kerk se normatiewe geskrifte, uiters noodsaaklik. Sedert Martin Luther (kyk Kümmel 1970:62-97) word die kriterium van "apostolisiteit" *saaklik* geïnterpreteer. Luther se bekende hermeneutiese uitspraak *was Christum treibet* staan regstreeks hiermee in verband. Hierdie "norm" het hy *saaklik* gevul met die Pauliniese motief "geregtigheid uit die geloof alleen". Geskrifte in die Nuwe Testament wat volgens Luther nie 'n getuienis is van hierdie Pauliniese motief nie, is deur hom kanonies bevraagteken. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die toepassing van die kriterium van "apostolositeit" in die tyd voor Luther, toe dit nie *saaklik* geïnterpreteer is nie, maar *histories-letterlik*, meegebring het dat geskrifte in die kanon opgeneem is of uitgelaat is wat vandag, vanweë die resultate van die historiese Jesus-navorsing, kanonieke geloofwaardigheid inboet.

Vanselfsprekend sal die *histories-letterlike* kriterium van "apostolisiteit" 'n groot getal boeke in ons huidige kanon laat uitval. In die huidige stand van die debat sal geeneen van die evangelies oorleef, en met algemene instemming waarskynlik sewe briewe van Paulus (indien 'n mens hom 'n "apostel" sou kon noem) en wat dan van al die ander geskrifte? Metzger (1987:285-286) het al tereg die vraag gestel oor die gepastheid om 'n boek in die kanon te behou wanneer dit aanvanklik om die verkeerde redes ingesluit was. Indien apostolisiteit nie so swaar weeg as die inhoud en die nuttigheid van 'n boek nie, sou daar 'n hele paar boeke vir oorweging in aanmerking kon kom, soos die Didache, 1 Klemens, die briewe van Ignatius, Barnabas, Hermas.

Die vraag wat vir 'n ondersoek na die historiese Jesus gevra sal moet word, is of die bronne wat as meerdere onafhanklike betuiging gedien het vir die ondersoek, en dan boonop ook nog teruggevoer kan word na die vroegste historiese lae, nie vir oorweging vir insluiting in die kanon in aanmerking moes kom nie. Indien hulle nie


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

vir oorweging om in die kanon opgeneem te word, ernstig geneem word nie, sal die vraag nog steeds beantwoord moet word watter gewig aan hulle toegeken word vir die ondersoek na die historiese Jesus en derhalwe vir die gewig van hulle betroubaarheid oor outentieke Jesus-woorde en -optredes. Wat kan dus as "gesaghebbende bron(ne)" beskou word? Moet 'n historiese ondersoeker met ander maatstawwe werk oor wat as gesaghebbend beskou kan word as wat vir "geloof en lewe" in die kerk(e) geld? Om die vrae in perspektief te plaas, is dit nodig om net weer vir 'n oomblik die "afsluiting van die kanon", soos weerspieël in vierde-eeuse lyste van Nuwe-Testamentiese geskrifte, te oorweeg.

## 10. DIE LYS(TE) VAN NUWE-TESTAMENTIESE GESKRIFTE TEEN DIE VIERDE EEU

Eusebius bied 'n bepaalde prentjie in die eerste helfte van die vierde eeu. Hy vermeld wat vroeëre kerkvaders daaroor gesê het. Hy het ook sy eie posisie duidelik gemaak en aangedui dat ongeveer twee-derdes van die tans bekende Nuwe-Testamentiese geskrifte wye aanvaarding geniet het (erken is of as "deel van die verbond" beskou is). In sy eie lys sluit hy slegs twintig erkende boeke in (Eusebius, *HE* 3.25).

Eusebius gee erkenning dat 'n sekere groep boeke nog omstrede was in die katolieke kerk (Jakobus, Judas, 2 Petrus, 2 en 3 Johannes, Hebreërs en Openbaring; hy meld ook die Evangelie van die Hebreërs). 'n Ander reeks boeke is deur sekere strominge in die kerk en ook deur Eusebius verwerp (Handelinge van Paulus, Hermas, Openbaring van Petrus, Brief van Barnabas, Didache, die Evangelies van Tomas, Petrus en Mattias, en die Handelinge van Andreas, Johannes en die "handelinge van ander apostels").

Na Eusebius het verskillende lyste van Bybelboeke begin sirkuleer in onderskeidelik die kerk in die Ooste en Weste. Voor die vierde eeu is daar geen historiese bewyse vir die lyste wat na bewering van die tweede en derde eeue sou ontstaan het nie. Die enigste uitsondering is die lys van vier evangelies van Irenaeus (kyk McDonald 1995:159 nota 62, 193, 248 nota 90). Hierdie lyste van die vierde eeu vertoon wel die tendens in die rigting van 'n versameling boeke wat afgesluit word. Dit bevat ook 'n merkbare ooreenkoms oor die meerderheid boeke, maar ook opvallende verskille oor enkele ander boeke.

Volgens Eusebius (*HE* 6, 25:7-10) het Origenes die Christelike boeke in drie kategorieë ingedeel:


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

- dié wat erken of bely is as Skriftuur (*homologoumena*);
- dié wat twyfelagtig of omstrede was (*amfiballomena*);
- dié wat as oneg of vervals geag is (*pseude*).

In die eerste groep is die twintig boeke waarna ek hierbo verwys het. Dit was die vier evangelies, Handelinge, dertien briewe wat aan Paulus toegeskryf word, 1 Johannes en 1 Petrus. In die tweede groep was die ander boeke van die huidige kanon ingesluit. Die derde groep is dié waarna ek hierbo verwys het wat volgens Eusebius deur die kerke verwerp is. Die tweede groep is met tyd deur die meeste kerke aanvaar, maar die derde groep het nooit algemene aanvaarding gekry nie. Tog kry 'n mens dat van die boeke uit die derde groep in die vyfde eeu steeds voorgekom het in van die belangrikste Bybelmanuskripte. So het die *Codex Sinaiticus* nog steeds die Brief van Barnabas en die Pastor van Hermas bevat.

Die 39ste Feesbrief van Atanasius van Aleksandrië (367 n C) (kyk Hoover 1992:5; Theron 1957:119) het die eerste duidelike aanduiding van die sewe-en-twintig boeke wat in die kanon voorkom, gebied. Sy versameling van Ou Testament-boeke wat gelys is, was egter veel meer as wat later in die Protestantse kanon opgeneem is. Die mees omstrede boeke van die Nuwe Testament van die vierde tot die sesde eeu was Hebreërs, 2 Petrus, Judas en Openbaring. Maar aan die ander kant het van die belangrikste Griekse manuskripte van die vierde tot selfs met die elfde eeu verskillende van die nie-kanonieke boeke bevat. Die lyste van die belangrikste manuskripte in McDonald (1995:274-275) bied hiervan 'n duidelike prentjie. Uit wat histories nagegaan kan word, kan gestel word dat daar teen die einde van die vierde eeu wye ooreenstemming bestaan het oor die grense van die Nuwe Testament-kanon, maar daar was beslis geen eenstemmigheid oor die aangeleentheid nie.

## 11. NOGEENS: DIE ONTSTAAN VAN DIE NUWE TESTAMENT

Uit hierdie voëlvlug oorsig oor die historiese ontwikkeling en groei van wat uiteindelik tot stand gekom het as die Nuwe Testament, is daar nog vrae wat onbeantwoord is. Die prentjie het min of meer só vorm aangeneem: tot diep in die tweede eeu kry 'n mens verskillende geskrifte in omloop. Die evangelies, Handelinge, die briewe

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van Paulus en ander briewe wat aan ander apostels toegeskryf is, en die Openbaring van Johannes is as *individuele geskrifte* op verskillende maniere en op verskillende plekke in daardie vroeë Christendom gebruik. Hulle is nie almal orals gebruik nie, daar is nog weinig sprake van 'n bundel geskrifte, en in daardie sin, as 'n versameling geskrifte, was hulle nog eintlik nie wesenlik onderskei van die baie ander Christelike geskrifte wat in omloop was nie. Maar dan teen die einde van die tweede eeu is daar die duidelike spore van 'n afgegrensde versameling "heilige geskrifte" met uitsluiting van heelwat van die ander vroeg-Christelike geskrifte en met insluiting van essensieel dieselfde boeke wat sedertdien die Nuwe Testament uitmaak. Dus in die tweede helfte van die tweede eeu kom die Nuwe Testament wat ons ken, tot stand (met die uitsonderings soos hierbo bespreek), maar oor *hoe* dit gebeur het, word in geen dokument of deur geen skrywer aan ons vertel nie. Daar is oor hierdie periode van min of meer 160-180 n C baie min oor die kerk bekend, om nie eens oor die dokumente of geskrifte in daardie periode te praat nie.

Oor hierdie aangeleentheid vind 'n mens wel die interessante spekulatiewe teorieë van iemand soos Walter Schmithals ([1994] 1997:357-369). Schmithals gaan uit van die gedagte dat daar op die een of ander wyse 'n "formele ooreenkoms" in die hoofstroom ("ortodokse") kerk gekom het wat uitgeloop het op die "nuwe" bundel geskrifte wat tot stand gekom het. Dit is veral met verwysing na die feit dat daar vier evangelies in hierdie bundel opgeneem is. Dit kon nie sonder meer plaasgevind het nie, aangesien die opname van die vier evangelies naasmekaar van die begin af vir die kerk probleme gegee het. Sonder dat daar daarvoor 'n noodsaak of baie konkrete rede was, sou elke kerk voortgegaan het met die een evangelie waarmee hulle vertroud was en wat in hulle samekomste gebruik is.

Verder maak Schmithals die waarneming dat daar wat die briewe betref, drie maal sewe, oftewel een-en-twintig briewe is. Daar is die veertien briewe in die *Corpus Paulinum* (briewe aan gemeentes en medewerkers), en sewe "katolieke" briewe aan die kerk in die algemeen. "Drie" en "sewe" is heilige getalle en daarom, volgens Schmithals, is die drie maal sewe briewe gepas vir die Heilige Skrif. En aangesien al hierdie briewe nog lank nie orals bekend of erken was nie, kon hierdie getal nie maar toevallig gebeur het nie. Dit dui volgens hom op 'n beplande ontwikkeling en implementering.

Wat die evangelies betref, kan daar seker in 'n mate met Schmithals se redenasie saamgegaan word. Daar is egter veel meer probleme om ten opsigte van die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

briewe met die apokaliptiese spel met getalle te kan instem. Die verhaal van die verloop tot by die vierde en selfs sesde eeu en die stryd wat sommige geskrifte tot selfs nog later ervaar het, maak dit baie twyfelagtig. Indien Schmithals se kriterium van "getallewaardes" gekombineer sou word met die kriterium van "oudheid", duik 'n baie interessante probleem met betrekking tot die verband tussen die historiese Jesus-navorsing en die vraag na die uitbreiding al dan nie van die kanon op. In die resente Jesus-studies is die vraag of Jesus apokalipties georiënteerd was al dan nie, besonderlik in die fokus (kyk Borg [1986] 1994:47-68). Daar word redelik algemeen aanvaar dat die apokaliptiese oriëntasie in die vroegste kerk wesenlik deel van die Jerusalemse Jesus-beweging se interpretasie van Jesus was. Indien Schmithals se standpunt aanvaar sou word met betrekking tot die invloed wat die apokaliptiese getallewaardes uitgeoefen het op die aantal geskrifte wat in die Nuwe Testament kanon opgeneem is, sou 'n standpunt dat Jesus nie apokalipties oor God se koninkryk gedink het nie, 'n vraag na vore bring. Is daar saaklik kontinuïteit of diskontinuïteit tussen 'n apokalipties ge-oriënteerde Nuwe Testament-kanon en Jesus? Indien daar diskontinuïteit aanduibaar is, is dit dan nie genoegsame rede om te vra na 'n hersamestelling van die Nuwe Testament-kanon wat nie só in die samestelling apokalipties georiënteer is nie?

## 12. DIE BESTAAN VAN VERSAMELINGS GESKRIFTE AS BOEKE

Navorsers het die gewoonte gehad om die historiese ontwikkeling van die kanon vanuit die perspektief van die voltooide produk te beskou. Hierdie werkwyse het met 'n ander werklikheid klaarblyklik nie rekening gehou nie. Kopieë van kodekse met meerdere boeke het nie bestaan voor die vierde eeu n C nie. Daar is dus geen moontlikheid om die Bybel of die Nuwe Testament as 'n fisiese boek te beskou vóór daardie tyd nie. Navorsers het gevolglik op *lyste* van boeke staatgemaak wat hulle óf in aangehaalde vorm by apostoliese – en kerkvaders gevind het, óf later in direkte verwysing na sulke lyste en uiteindelik in die vierde eeu, soos saamgestel in amptelike lyste soos dié een van Eusebius. Wat dit dus meegebring het, is dat navorsers gesoek het na fragmente van vroeëre getuienis om besluite wat in werklikheid veel later geneem is, te ondersteun. Hulle het hierdie werkwyse gevolg in plaas daarvan om na die data te soek waarmee die proses as sodanig beskryf kon word. Met ander woorde, hulle

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

het beslissings geneem uit 'n later tydperk soos die sestiende eeu en selfs nog daarna, en dit dan retrospektief op die kanon van toepassing gemaak.

Die prentjie wat ons deesdae van hierdie proses het, vertoon iets van die volgende. Die boeke waaruit die Nuwe Testament tans bestaan, het eers individueel in die vroeë kerk gesirkuleer. Later het daar versamelings gekom in groepe wat onderling met mekaar saamgehang het, soos evangelies, of briewe van Paulus. Die eerste oorblywende kodeks waarin twee dokumente opgeneem is, kom eers na vore in die tweede eeu n C. Multi-dokument kodekse verskyn nie voor die derde eeu nie. Dit is eers uit die vierde eeu dat die groter kodekse van perkament of vellum dateer. Ons weet uit die Nag Hammadi-versameling, wat terugdateer word na die vierde eeu, van vyftig traktate of boeke wat in twaalf kodekse versamel is. Omvattende kodekse met baie boeke bly 'n rare verskynsel vir die volgende millenium. Op grond hiervan het Bruce Metzger (1987:217) tot die gevolgtrekking gekom dat baie min Christene, voordat die boekdrukkuns uitgevind is, ooit 'n volledige Nuwe Testament besit of selfs gesien het.

Hierdie werkwyse om die kanon retrospektief te sien, kom ook na vore in die wyse waarop Atanasius se 39ste Feesbrief van 367 n C beskou word as die afronding van die kanon. Navorsers se neiging was om na data te soek wat die finale beslissing bevestig het, eerder as om die wydste moontlike versameling van data te ondersoek, sodat die historiese proses belig kon word (kyk McDonald 1995:127 nota 103, 194). Tans weet ons dat hierdie proses nie net oor 'n lang tydperiode verloop het nie, maar dat dit in werklikheid baie onegalig en selfs weersprekend verloop het tot die vierde eeu en selfs nog later.

## 13. KAN OF MOET DIE KANON HERSIEN WORD?

Ek het vroeër verwys na die kritiese vraag wat al deur Aland en Metzger gestel is, of daar nie 'n behoefte daarvoor is dat die kanon in die lig van die nuutste historiese inligting hersien behoort te word nie. Dit word 'n besonder dringende probleem wanneer die kriteria vir kanonvorming onder die loep geneem word. So byvoorbeeld sal die aspekte van "oudheid" en "apostolisiteit" wat baie sterk as maatstaf vir insluiting gegeld het, ons voor besondere probleme te staan bring. Sover ons weet, het geeneen van Jesus se oorspronklike volgelinge/apostels boeke geskryf nie. Vandag weet ons dat die konsep "apostels" na alle waarskynlikheid 'n skepping is van die vroegste


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Jerusalemse Jesus-beweging en dat Jesus self nie hierdie begrip gebruik het nie (kyk Mack 1995; Conzelmann 1988:341-342; vgl Crossan 1998:469-472). Verder weet ons dat die boeke wat aan daardie eerste "apostelkring" of verwante van Jesus toegeskryf word, in werklikheid pseudepigrafies is. Dit wil sê dit is dokumente wat deur onbekende outeurs geskryf is, maar toegeskryf word aan die "pilare" (volgens Paulus in Gal 2:1-10) in die Jerusalemse Jesus-beweging waarvan slegs enkeles, histories gesien, uit die kring van volgelinge van die historiese Jesus kom. Een van hierdie "apostels", Jakobus die broer van Jesus, het buitendien volgens die evangelietradisies in die vroegste stratum die missie en die visie van die historiese Jesus (tydens Jesus se lewe) persoonlik nie ondersteun nie. Vanuit sy invloedsfeer is Paulus se aanspraak op "apostelskap" bevraagteken. Historiese getuienis toon oorweldigend aan dat daar 'n besonder skerp konflik was tussen Paulus en die "apostels" in Jerusalem, ten spyte van die feit dat Paulus belangrike vroeg-Christelike elemente vanuit Jerusalem (bv die nagmaalstradisie en die belang van die "Twaalftal", maar in onderskeid met "al die apostels" – kyk 1 Kor 15:7) oorgeneem het en in die universele kerk voortgesit het (vgl Conzelmann 1988:341-342; Schmithals 1994:102-103).

Op grond van sy Damaskuservaring kan Paulus (van Tarsus) waarskynlik beskou word as die enigste "ware apostel" wat as outeur van geskrifte opgetree het. Selfs wanneer ons met hierdie uitgangspunt werk ten opsigte van Paulus se apostelskap sal die konsensus oor watter briewe as egte Paulus-briewe aanvaar kan word, nie meer wees as Romeine, 1 en 2 Korintiërs, Galasiërs, 1 Tessalonisense, Filippense en Filemon nie. Die ander briewe kom uit 'n deutero-Pauliniese skool en in die geval van die Pastorale Briewe (1 en 2 Timoteus en Titus) selfs afkomstig uit 'n geslag of twee later as Paulus.

Dit sal ook geld vir die sogenaamde Algemene Briewe wat deur mense met die name van "apostels" gerig was aan die kerk in die algemeen. Hieronder tel Hebreërs, Jakobus, 1 en 2 Petrus, Judas en 1, 2 en 3 Johannes. Behalwe dat hierdie briewe – soos ek reeds aangetoon het – 'n moeisame pad gehad het in die proses van kanonvorming, sal waarskynlik nie een van hulle meer met konsensus aan 'n "apostel" toegeskryf word nie. Dit is duidelik dat die kriterium van "apostolisiteit" verstaan sal moet word in lyn met die gedagte van Luther, soos onlangs weer verwoord deur Schmithals (1997:362), dát dit nie gesien moet word in die sin van formele outeurskap nie, maar met verwysing na die *saaklike inhoud*: hierdie geskrifte bevat die *boodskap* van die "apostels", dit beteken die Jesus-saak.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Dit bring wel onvermydelik die vraag na vore na ander geskrifte oor wie se boodskap daar baie min vrae oorgebly het en wat ook uit die baie vroeë periode van die Christelike kerk kom. Hier verwys Funk (1996:116-120) na die volgende geskrifte wat in aanmerking kan kom:

- Die brief van Klemens, biskop van Rome, aan die gemeente in Korinte. Hierdie brief word deur die meeste navorsers rondom 95 n C gedateer. Dit is geskryf in reaksie op die een of ander stoornis in die gemeente van Korinte. Van die basiese uitgangspunte van die Christelike geloof is aan die Christene in Korinte voorgehou asof daar 'n ketterse standpunt iewers aan die orde was.
- Die sewe briewe van Ignatius, biskop van Antiogië. Ignatius, wat bewus was dat hy ter wille van sy geloof tereggestel sou word, het sewe briewe geskryf aan die sewe gemeentes met wie hy kontak gehad het. Dit was soos sy testament. Hy som hierin die evangelie vir die gemeentes op, soos hy dit leer ken het uit die briewe van Paulus.
- Die brief van Polikarpus, biskop van Smirna, gerig aan die Filippense. In hierdie brief vind 'n mens insig in die toestand van die kerk in Griekeland voor die middel van die tweede eeu.
- Met verwysing na evangeliebronne is die stand van die navorsing dat die vroegste van die evangeliegetuienisse wat ons beskikbaar het, is die Spreuke-evangelie Q en ook 'n hipotetiese vroeë weergawe van die Evangelie van Tomas. Funk (1996: 117) se voorstel is dat in die huidige narratiewe evangelies 'n hersiene versameling van evangelies voorafgegaan behoort te word deur 'n gerekonstrueerde Q en 'n seleksie van parallelle materiaal uit die Evangelie van Tomas. Markus behoort ook geposisioneer te word as die eerste evangelie van die huidige vier narratiewe ("kanonieke") evangelies.

## 14. KANON HERSIEN OF UITGEBREIDE BRONNELYS VIR HISTORIESE NAVORSING?

Ek het met hierdie ondersoek in die eerste plek die vraag aan die orde gestel oor die legitimiteit van 'n uitgebreide databasis vir die historiese Jesus-ondersoek. Dit het onvermydelik geblyk dat ek ook aan die historiese proses van kanonvorming aandag moes gee. Selfs die mees kritiese ondersoekers is dit met mekaar eens dat die inkrim-


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ping of uitbreiding van die kanon, soos ons dit in die Weste en in die Protestantse tradisie ken, nie maklik sal gebeur nie. Die suggestie is tydens 'n sessie van die *Canon Seminar* van die *Jesus Seminar* in Oktober 1997 (waar ek teenwoordig was) gemaak dat daar waarskynlik maar net edisies van bepaalde uitgewers sal verskyn waarin iets van hierdie debat gereflekteer sal word. Ek is wel van mening dat die vloeibaarheid van die historiese proses en die diskrepansies ten opsigte van kriteria vir kanonvasstelling, die standpunt genoegsaam gemotiveer het waarom daar in enige historiese ondersoek na die Jesus van die geskiedenis, wel van alle beskikbare bronne gebruik gemaak sal moet word. Die kriteria wat hiervoor geld, sal dus nie bepaal kan word aan die hand van 'n konfessionele of kerklike binding nie, maar dit sal kriteria moet wees wat beantwoord aan die reëls en eise van historiese navorsing.

## Literatuurverwysings

Aland, K 1962. *The problem of the New Testament canon.* London: Mowbray.

Borg, M J [1986] 1994. A temperate case for a non-eschatological Jesus, in *Jesus in contemporary scholarship*, 47-68. Valley Forge, PA: Trinity Press International.

Conzelmann, H 1988. History of early Christianity, in Conzelmann, H & Lindemann, A, *Interpreting the New Testament: An introduction to the principles and methods of N T exegesis*, 336-353, tr by S S Schatzmann from the 8th rev German edition. Peabody, MA: Hendrickson.

Crossan, J D 1998. *The birth of Christianity: Discovering what happened in the years immediately after the execution of Jesus.* San Francisco, CA: HarperSanFrancisco.

Cullmann, O 1956. *The early church*, ed by A J B Higgins. Philadelphia, PA: Westminster.

Davies, S L 1994. *New Testament fundamentals.* Revised edition. Sonoma, CA: Polebridge.

Du Toit, A B [1978] 1984. Kanoniek van die Nuwe Testament, in Roberts, J H & Du Toit, A B, *Handleiding by die Nuwe Testament, Band 1*, 81-294. Tweede verbeterde druk. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Funk, R W 1996. *Honest to Jesus: Jesus for a new millennium.* San Francisco: Harper Collins. (A Polebridge Press Book.)


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hoover, R W 1992. How the canon was determined: How did the church decide which books belong to the New Testament? When was the decision made? *The Fourth R* 5/1, 1-7.

Käsemann, E 1968. The canon of the New Testament church and the unity of the church, in *Essays on New Testament themes*, 95-107. London: SCM.

Kümmel, W G 1970. Notwendigkeit und Grenze des neutestamentlichen Kanons, in Käsemann, E, *Das Neue Testament als Kanon: Dokumentation und kritische Analyse zur gegenwärtigen Diskussion*, 62-97. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Mack, B L 1995. *Who wrote the New Testament? The making of the Christian myth.* San Francisco, CA: HarperSanFrancisco.

McDonald, L M 1995. *The formation of the Christian biblical canon.* Revised and expanded second edition. Peabody, MA: Hendrickson.

Metzger, B M 1987. *The canon of the New Testament: Its origin, development, and significance.* Oxford: Clarendon Press.

Schmithals, W 1994. *Theologiegeschichte des Urchristentums: Eine problemgeschichtliche Darstellung*. Stuttgart: Kohlhammer.

— [1994] 1997. *The theology of the first Christians*, tr by O C Dean. Philadelphia, PA: Westminster/John Knox.

Smallwood, E M 1981. *The Jews under Roman rule from Pompey to Diocletian: A study in political relations.* Leiden: E J Brill. (Studies in Judaism in Late Antiquity.)

Stevenson, J 1960. *A new Eusebius.* London: SPCK.

Theron, D J 1957. *Evidence of tradition.* London: Bowes & Bowes.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services